

**25 Augustus**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 6:11-18**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 6:17**

### **Littekens ter wille van Christus**

'n Mens kan jou dit byna nie voorstel dat 'n mens soveel swaarkry in sy lewe kon verdra soos Paulus nie. Sy lewe was vol teenstand, moeite en mishandeling. Hy is herhaaldelik gestenig, met stokke geslaan en gezesel. Meer as een keer was hy 'n skipbreukeling. Hierdie dinge het ernstige letsels op sy liggaam en gemoed gelaat. Tog het hierdie letsels hom nie ontmoedig nie. Dit was eerder vir hom eretekens. Hy het besef dat dit wat hy gely het, hy vir Christus gely het. Paulus het hom deur God laat lei. Tog het die leiding van God sy lewe nie van hewige botsings en moeite gevrywaar nie. Hy was herhaaldelik in byna ondraaglike situasies.

Paulus het 'n ooreenkoms tussen die lewensweg van Jesus Christus en sy eie lewe gesien. Wat Christus ondervind het, was die noodwendige gevolg van die opdrag wat Hy van die Vader ontvang het. Om getrou te bly aan die opdrag van sy Vader, was vir die Here Jesus 'n verskriklike stryd. Van die begin van sy lewe op aarde is Hy misken, beledig en vervolg. In die tuin van Getsemane het sy worsteling só erg geword dat Hy doodsangs ervaar het. Sy sweet het soos bloeddruppels geword. Hy het gebid: "Vader, as U wil, neem hierdie lydensbeker van My af weg", maar ook: "Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!". Uiteindelik het Hy Homself oorgegee om ter wille van sy Vader se opdrag die verskriklikste dood te sterf! 'n Mens kan jou dit hoegenaamd nie voorstel dat die Seun van God bereid was om dit ter wille van ons te doen nie. Paulus was diep onder die indruk van hoe die Here ter wille van hom gely het. Daarom was hy bereid om ook sy deel van die ontbering te dra ter wille van die roeping waartoe die Here hom geroep het.

Soos Paulus die sin van sy lyding leer verstaan het, moet ons dit ook uit sy littekens leer. Sy lyding het hom geleer wat gehoorsaamheid is maar gehoorsaamheid aan God lei dikwels tot teenkanting en stryd. God rus gelowiges deur sy Gees toe om hierdie ontberings te dra. Hy vertrou hulle met die perspektief, dat God besig is om hulle vir die heerlijkheid, die toekoms sonder littekens, voor te berei.

Wat doen lyding aan jou? Dit kan jou maklik verbitterd, opstandig en moedeloos maak. By Paulus was dit egter anders.

Sing: Psalm 40:4,8

Prof FP Viljoen (Potchefstroom)